Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

SEPTEMBER 2026

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

MAAK GEREED VIR DIE 2027 WYKSKOMITEEVERKIESING

Die Overstrand-munisipaliteit berei voor die komende wykskomiteeverkiesing in **Februarie 2027** en moedig sektore, gemeenskapsgroepe en organisasies aan om te begin dink aan wie hulle wil hê om hulle wyk en gemeenskapsbelange te verteenwoordig.

Die keuse van die regte komiteelede is belangrik vir goeie tweerigting-kommunikasie tussen die gemeenskap en die munisipaliteit. Hulle kan probleme wat in die wyk ervaar word opper, deur die regte kanale opgraderings en nuwe projekte wat nodig is, identifiseer, en inwoners op hoogte hou van munisipale projekte en tydlyne.

Komiteelede kan ook inwoners help om te verstaan waarvoor die munisipaliteit verantwoordelik is, wat sy mandaat is en watter beperkinge dienslewering kan raak.

BEGIN NOU VOORBEREI

Gedurende **September/Oktober 2026**, sal die munisipaliteit geregistreerde organisasies, sektore, en voorafbepaalde geografiese blokke nooi om 'n aanduiding van belangstelling in te dien om aan die wykskomiteeverkiesing deel te neem.

WIE KAN DEELNEEM?

Plaaslike strukture wat in 'n spesifieke wyk bedrywig is, word genooi om deel te neem, insluitend:

- Organisasies: Groepe wat spesifieke belange verteenwoordig, soos jongmense, vroue, godsdiensgroepe, belastingbetalersverenigings en huiseienaarsverenigings. Politieke partye kwalifiseer nie.
- Sektore: Sambreelliggame wat breër gemeenskapsbelange verteenwoordig, soos sport en ontspanning, of gesondheid en welsyn.
- Voorafbepaalde geografiese blokke: Groepe wat spesifieke gebiede in 'n wyk verteenwoordig, soos buurte, uitbreidings of dorpies.

Dit is die eerste stap in die proses en sal help om te bepaal watter organisasies en gemeenskapstrukture belangstel om in 'n wykskomitee te dien. Elke wyk het 10 wykskomiteelede, wat gereeld met hulle wyksraadslid moet vergader, regdeur die jaar aan terreinbesoeke moet deelneem en kwartaalliks terugvoervergaderings met hulle afdelings moet reël.

Organisasies en sektore moet die tyd voor September gebruik om seker te maak hulle basiese dokumentasie in orde is. Dit sluit in dat hulle 'n grondwet of ander regulerende dokument moet hê (waar van toepassing), asook die inligting wat nodig is om die aanduiding van belangstelling-vorm te voltooi.

As jou organisasie nie 'n grondwet het nie of hulp met die dokumentasie nodig het, sal hulp van die munisipaliteit se Gemeenskapskakeling-span beskikbaar wees om jou te help om voor te berei.

Die aanduiding van belangstelling-vorm vereis inligting soos die naam van die organisasie, sektor of voorafbepaalde geografiese blok, of dit 'n grondwet of reguleringsdokument het, die datum van stigting en totale getal lede, ens.

BELANGRIK

Die nomineerder, genomineerde en sekondant moet almal geregistreerde kiesers by die verkiesingskommissie (IEC) in die spesifieke wyk wees.

'n Volledige nominasieproses sal in Oktober 2026 volg, met meer inligting oor die vereistes, nominasieproses en dokumentasie wat nader aan die tyd verskaf sal word.

Hou 'n oog op die munisipaliteit se webwerf (www.overstrand.gov.za > About us > Wards) vir die kennisgewing oor die aanduiding van belangstelling en meer inligting.

MUNISIPALE BESTUURDER AAN GEORGE GESEKONDEER

Die raad het die sekondering van die munisipale bestuurder, dr. Dean O'Neill, aan George Munisipaliteit goedgekeur om vir 'n tydperk van drie maande as munisipale bestuurder waar te neem, met 'n opsie om die reëling vir 'n verdere drie maande te verleng indien nodig.

George se burgemeesteer het die sekondering van die Overstrand-munisipaliteit se munisipale bestuurder aan George versoek om as munisipale bestuurder waar te neem nadat die kontrak van die vorige munisipale bestuurder beëindig is.

Mnr. Edward Jantjies dien tydens dr. O'Neill se afwesigheid as waarnemende munisipale bestuurder van die Overstrand-munisipaliteit. Hy het sy pligte op Dinsdag 11 Augustus 2026 aanvaar.

KAN JY NIE JOU MUNISIPALE REKENING TEN VOLLE BETAAL NIE?

Tref asseblief 'n betaalreëling met die munisipaliteit voordat kredietbeheerstappe gedoen word. Moenie wag tot dit te laat is en dienste beperk word nie.
Kom ons hanteer dit voordat stappe nodig is.

Vorderingsverslag:

DEURLOPENDE VERBETERING VAN OVERSTRAND SE WATER- EN RIOOLWATERINFRASTRUKTUUR

Die Overstrand-munisipaliteit belê steeds in en hou noodsaaklike water- en sanitasie-infrastruktuur in stand om betroubare dienste vir inwoners te verseker en die behoeftes van groeiende gemeenskappe te ondersteun. Hierdie voortgesette projekte fokus daarop om die kapasiteit, aanpasbaarheid en doeltreffendheid van die water- en sanitasiestelsel te verbeter, terwyl die omgewing ook beskerm en watergehalte regoor die streek gehandhaaf word.

OPGRADERING VAN ONRUS SE HOOFRIOOLPOMPSTASIE AAN DIE GANG

Konstruksiewerk is aan die gang vir die R30 miljoen-opgradering van Onrus se hoofrioolpompstasie langs die Onrus-riviermonding nadat omgewingsmagtiging vir die projek van die Departement van Omgewingsake ontvang is. Hierdie projek sal noodopbergingsvermoë verskaf, terwyl die deurvloeikapasiteit van die pompstasie beduidend verhoog word om afvalwater na die Schulphoek-rioolwaterbehandelingswerke in Hermanus te herlei.

Die voltooide projek, wat vir die middel van 2027 geskeduleer is, sal die risiko van rioolstorting in die sensitiewe Onrus-riviermonding beduidend verminder.

ONTWIKKELING VAN BOORGATVELDE

Die munisipaliteit gaan voort met sy grondwaterontwikkeling tesame met sy voorbereidingswerk vir seewaterontsouting, met 'n boorkontrakteur wat tans by die perseel van die Gateway-boorgatveld in Hermanus bedrywig is. Na voltooiing van Gateway sal die boorkontrakteur gedurende die tweede gedeelte van 2026 na Pearly Beach verskuif vir grondwaterverkenning in daardie gebied.

BELEGGING IN WATER- EN RIOOLWATERINFRASTRUKTUUR

Die Onrus-projek vorm deel van 'n wyer beleggingsprogram deur die Overstrand-munisipaliteit om die water- en rioolwaterinfrastruktuur regoor die munisipale gebied te versterk.

Die munisipaliteit se 2026/27-begroting sluit 'n aantal voortgesette water- en rioolwaterprojekte in, insluitend die opknapping van die Buffelsrivier-waterbehandelingsaanleg naby Pringlebaai, die opgradering van die Hermanus-boorgatvelde, grondwaterontwikkeling in Pearly Beach, en die vervanging van waterpyplyne.

Rioolwaterstelselprojekte sluit bogenoemde opgradering van die Onrus-pompstasie en die opknapping en opgradering van die Hawston-rioolwaterbehandelingsaanleg, wat tans in die omgewingsimpakstudie-stadium is, riooltelemetriestelsel-opgraderings, en die uitbreiding van die Hawston-rioolnetwerk in.

BUFFELSRIVIER-WATERBEHANDELINGSAANLEG (WTW)

Die ander groot belegging in Overstrand se waterinfrastruktuur is die opknapping en opgradering van die Buffelsrivier WTW, wat rou water uit die Buffelsrivierdam vir grootmaatverskaffing aan die dorpe van Rooi-Els, Pringlebaai en Bettysbaai behandel.

Konstruksie is geskeduleer om tot in die tweede helfte van 2027 te duur.

Die konstruksiekoste is R64 miljoen, wat grootliks deur 'n waterdienste-infrastruktuurtoekenning van die Departement vir Water en Sanitasie befonds word.

Die projek sluit 'n nuwe inlaatstruktuur, 'n nuwe meganiesgemengde flokkulasietenk, 'n nuwe filtreerstelsel, 'n nuwe ontsmettingstelsel, nuwe chemiese opbergings- en doseringstelsels, 'n nuwe terugspoel-waterherwinningstelsel en 'n nuwe admingebou en beheerkamer in.

DOEN ONMIDDELLIK NAVRAAG OOR HOË WATERREKENINGE EN KYK OF DAAR LEKKASIES IS

Nadat inwoners hulle kommer oor gebarste pype, ondergrondse lekkasies en ongewoon hoë waterrekeninge uitgespreek het, wil die Overstrand-munisipaliteit kliënte daaraan herinner dat finansiële hulp ingevolge artikel 6.8.1 (Waterlekkasies) van die Kliëntesorg-, Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid beskikbaar is.

Hoewel elke aansoek op eie meriete en in ooreenstemming met die beleid geëvalueer word, kan kliënte om 'n waterlekkasie-afslag aansoek doen waar oormatige waterverbruik die gevolg van 'n lekkasie aan die kliënt se kant van die watermeter is.

Inwoners moet daarop let dat die verantwoordelikheid om loodgieterswerk aan die kliënt se kant van die watermeter in stand te hou, dié van die eiendom se eienaar bly. Die beleid maak egter in kwalifiserende gevalle vir finansiële hulp voorsiening indien daar aan spesifieke vereistes voldoen word.

OM TE KWALIFISEER, MOET KLIËNTE:

- Binne 90 dae nadat die lekkasie herstel is, 'n voltooide waterlekkasie-afslagaansoek op die voorgeskrewe vorm indien.
- Die lekkasie herstel binne 10 dae nadat dit geïdentifiseer is, of doeltreffende stappe doen om verdere waterverlies te voorkom.
- Stawende dokumentasie indien, soos 'n loodgietersverslag, bewys van herstel of 'n beëdigde verklaring van die persoon wat die herstelwerk gedoen het.
- Aan die beleidsvereistes vir vorige aansoeke voldoen, aangesien waterlekkasie-afslag gewoonlik tot een aansoek elke 18 maande beperk word, onderhewig aan die bepalings van die beleid.

Indien dit goedgekeur word, word die korting op kwalifiserende oormatige waterverbruik bokant die kliënt se gemiddelde gebruik vir 'n maksimum tydperk van drie maande bereken. Kliënte kan ook kwalifiseer vir 'n afslag op oormatige rioolkoste indien hulle kan bewys dat die gelekte water nie in die munisipale rioolstelsel beland het nie. Let asseblief daarop dat lekkasies waarby besproeiing-stelsels betrokke is, nie vir 'n waterlekkasie-afslag kwalifiseer nie. Die voorgeskrewe aansoekvorm vir waterlekkasie-afslag is op die munisipaliteit se webwerf by www.overstrand.gov.za onder Application Forms > Financial Services: Water sewer rebate application beskikbaar.

Vir navrae of om jou eis in te dien, kontak die Departement Finansies op 028 313 8000 of by enquiries@overstrand.gov.za, gebruik die Overstrand Citizen App of besoek jou naaste munisipale kantoor.

Die vroeë opsporing van lekkasies, vinnige herstel daarvan en die tydige indiening van aansoeke kan help om verdere waterverlies te voorkom en die finansiële impak van oormatige waterverbruik te beperk.

HOE WEET EK OF EK 'N WATERLEKKASIE OP MY EIENDOM HET?

'n Ondergrondse waterlekkasie kan weke en selfs maande lank onopgemerk bly en slegs onder jou aandag kom wanneer jy 'n buitengewoon hoë munisipale waterrekening ontvang.

As jy 'n lekkasie vermoed, probeer hierdie eenvoudige toets:

- Maak alle krane toe en maak seker dat geen water op die eiendom gebruik word nie.
- Kry jou watermeter – dit is gewoonlik naby die grens van die eiendom.
- Teken die watermeter se lesing aan.
- Maak seker dat niemand vir ten minste 'n uur enige water gebruik nie (of doen die toets oornag).
- Kontroleer weer die waterlesing. As die lesing verhoog het, is daar waarskynlik 'n lekkasie op jou eiendom.

Buitengewoon hoë waterrekeninge kan veroorsaak word deur:

- Ondergrondse of versteekte lekkasies
- Lekkende toilette of krane
- Verkeerde meterlesings
- Foutiewe watermeters (minder algemeen)

As jy van mening is dat jou rekening buitengewoon hoog is, kontak die Overstrand-munisipaliteit se Departement Finansies om jou rekening en meterlesings te verifieer. Jy kan 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za stuur, 'n navraag via die Overstrand Citizen App indien (diensversoek), of jou naaste munisipale kantoor besoek.

Indien 'n lekkasie aan jou kant van die watermeter bevestig word, bly dit die eienaar van die eiendom se verantwoordelikheid om herstelwerk te laat doen.

Kwalifiserende kliënte kan egter ingevolge die Kliëntesorg-, Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid, artikel 6.8: Kliëntebystandsprogramme – 6.8.1 Waterlekkasies om 'n waterlekkasie-afslag aansoek doen. Aansoeke moet binne 90 dae nadat die lekkasie herstel is op die voorgeskrewe vorm, tesame met die vereiste stawende dokumentasie, ingedien word.